## 21 Februarie - DAAD

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:11-24 (NAV)**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:18**

Johannes gaan breedvoerig in op die lewensbeginsel wat hy as baie noodsaaklik vir die gelowige beskou, naamlik die liefde. Die ware liefdesdaad vind ons in Christus se aflê van sy lewe (3:16). Christus het sy ganse persoon, in Grieks sy *psigé* (siel), vir ons gegee. Hy was nie maar net 'n passiewe gewer nie, maar het Homself as geheel gegee, na liggaam en siel met al sy kragte en gawes – dit is ware liefde.

Johannes wys aan ons dat die liefde nie net 'n statiese begrip is nie. Nee, jy moet jou liefde uitleef. Dan kom die werklike betekenis daarvan eers na vore. Hy wys daarop (3:17) dat wanneer iemand gebrek ly aan lewensmiddels, maar jy jou innerlike (letterlik: *ingewande*) vir hom sluit, dan kan daar geen werklike liefde teenwoordig wees nie.

Ek moet dus volgens Johannes nie net oor liefde praat of aan mense vertel hoe lief ek hulle het nie, maar ek moet bewys daarvan lewer. Ek moet die daad by die woord voeg. As iemand honger of dors het, koud kry, sonder klere is, geen huisvesting het nie of eensaam is, moet ek as gelowige daadwerklik optree en aan hierdie behoeftiges die nodige middele verskaf: kos aan dié wat honger het, water aan dié wat dors is, komberse en klere aan dié wat dit nodig het. Ek moet ook tyd opoffer om diegene te besoek wat eensaam is.

Jesus Christus stel dit baie duidelik in Matteus 25:41-43 dat indien ek nie liefde met die daad betoon nie, ek die ewige vuur saam met die duiwel en sy engele sal beërwe.

Deur die liefde te toon deur die dade, wys ook volgens Johannes (3:19) dat ek aan God behoort. Bid God om geleenthede dat die liefde vir Christus kan uitloop op dade.

*Sing: Psalm 18:1 (1936)* *Dr FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)*